

SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

(Name van dinge)

(a) Betekenis

Kyk na die volgende sinne:

Willem en sy **hond Wagter** stap na **Richmond** toe.

Die **man** sit die **vrugte** op die **skinkbord**.

Hy meet die **hoogte** en **lengte** van die **mure**.

Op die **vergadering** was daar 'n groot **menigte**.

Die **kind** sit die **papier** in die **water**.

Die **wind** waai die slegte **reuk** na ons toe.

Al die vetgedrukte woorde is die name van dinge. Daar is egter verskillende soorte dinge: sekere woorde is die name van voorwerpe (**skinkbord**, **mure**, ens) of stowwe (**papier**, **water**); ander is die name van soorte of klasse (**hond**, **vrugte**), nie-konkrete dinge (**wind**, **reuk**), versamelinge (**vergadering**, **menigte**), persone, diere, plekke, ens. (**Willem**, **Wagter**, **Richmond**) en abstrakte dinge (**hoogte**, **lengte**).

Op hierdie manier kry ons dan verskillende benaminge soos **voorwerpname**; **stofname**; **versamelname**; **eiename**; **nie-konkrete name**; **soortname** en **abstrakte name**. Al hierdie woorde noem ons **Selfstandige Naamwoorde**.

'n Ander groepie woorde verdien spesiale aandag. Kyk na die volgende sinne:

Almal het die dansparty geniet.

Iedereen in die klas is gestraf.

Die kwassies kos 'n sjieling **elk**.

Elkeen weet hoe moeilik so'n taak is.

Enigeen in hierdie dorp sal jou daarvan kan vertel.

Geeneen weet daar iets van af nie.

Die vetgedrukte woorde dui dinge aan en is dus selfstandige naamwoorde, maar hulle dui ook **omvang** aan. Ons kan hulle derhalwe **omvangsname** noem — net soos bv. **stofname**, **eiename**, ens.

(b) Fleksie

GETAL

Die s.nwe. „wiel“, „seun“ en „winkel“ dui elkeen net **een ding** aan. Sulke s.nwe. staan in die ENKELVOUD.

Die s.nwe. „wiele“, „seuns“ en „winkels“ dui elkeen **meer as een ding** aan. Sulke s.nwe. staan in die MEERVOUD

Hoe word meervoudigheid in Afrikaans aangedui?

Die volgende neiginge kan aangetoon word:

- I. Meervoudigheid word aangedui deur die gebruik van bepaalde hooftelwoorde voor die name van sekere dinge soos gewigte, mate, hoeveelhede en waardes, al behou laasgenoemde name hul enkelvoudsvorm. Dit gebeur egter nie altoos dat sulke s.nwe. 'n enkelvoudsvorm behou nie: alleen wanneer hulle as 'n eenheid gevoel word. Hier volg 'n paar van die bekendste gevalle waar dit wel gebeur:

Die streep is *ses duim* lank.

Die boompie is *drie voet* hoog.

Die plaas is *tien myl* hiervandaan.

Ek het hom dit *twee keer* gesê.

Jannie is nou *ses jaar* op skool.

Die afstand is *driehonderd tree*.

Hy het *drie pond* botter gekoop.

Die man betaal 'n *honderd pond* vir die motor.

Die boer verkoop *ses mud* koring.

Ons het *vier uur* daaraan gewerk.

Die masjien weeg *agtien ton*.

In byna alle ander gevalle word bepaalde hooftelwoorde deur 'n meervoudsvorm gevolg, bv.

sewe weke; twee-en-twintig skape; drie mense; vier minute; vyf sekondes; agt maande; nege eeue, ens.

Let op:

Rangtelwoorde dui 'n plek in die reeks aan en sê niks omtrent enkel- of meervoudigheid nie. Hulle word egter saam met die enkelvoudsvorm van die s.nw. gebruik, bv.

Dis die *tweede keer* dat hy dit sê.

Dit is die *tiende persoon* wat hier verbyloop.

Hy vang elke *sesde skaap*.

Hy skiet na die *middelste* **skyf**.

Ek sê jou dit nou vir die *laaste* **maal**.

- II. Woordê wat 'n onbepaalde getal aandui, druk meervoudigheid uit en eis gewoonlik die meervoudsvorm, bv.

Ons het *baie* **myle** ver gestap.

Sommige **mense** meen dat dit onwaar is.

Party **seuns** het nie gekom nie.

Verskeie **meisies** het nie opgedaag nie.

Etlike **spelers** het seergekry.

Let Wel:

- (a) In die volgende gevalle vind ons gewoonlik die enkelvoudsvorm:

Ek het hom *verskeie* **maal** gewaarsku.

Hy was al 'n *paar* **keer** hier.

Menige **seun** het al kennis gemaak met sy lat maar die gebruik van die enkelvoudsvorm is onvas; want soms hoor ons ook: „Ek was al *etlike* **kere** daar”, of „Ons het 'n hele *paar* **male** gaan swem.

- (b) Soms hoor ons 'n persoon sê: „Daar kom 'n *klompie* **skaap** in die pad aan”. Dit word veral in distrikte waar daar met skape geboer word, gebruik. Die gebruik van die enkelvoudsvorm is egter baie onvas. Die meeste mense praat gewoonlik van „'n *klompie* **skape**”. Ander woorde word ook dikwels as 'n kollektiewe begrip gevoel, bv.

Hy het 'n *hele paar* **bees** op die vandisie gekoop.

Daar was vanmore *baie* **pampoen** op die mark.

- III. Soms word meervoudigheid slegs deur die verband uitgedruk, bv.

Ek was die hele dag besig met die **skaap**. Dit was laat die aand voordat ons hulle klaar gedip het.

Ook hier is die gebruik van die enkelvoudsvorm onvas. Die gebruik van die meervoudsvorm is meer algemeen.

- IV. Meervoudigheid word ook deur middel van versamelname uitgedruk, al word die enkelvoudsvorm van die versamelnaam gebruik: (Let op: by meervoude dink ons veral aan die aparte dinge; by versamelname meer aan die eenheid van die groep, met maar 'n vae gedagte aan die aparte dinge.)

Hy het 'n **vergadering** bygewoon.
 Is daar skape? Ja daar is 'n **trop**.
 Het jy die bye gesien? Ja die **swerm** is nou hier verby.
 Bring die **gereedskap** hier.
 Die **kleinvee** loop oor die **wasgoed**.
 Die boer het baie **graan** geoes.
 Waar is die **vuurmaakgoed**?
 Hy het baie soorte **drank** gekoop.

Let op:

Sommige versamelname wat op **-goed** eindig, het 'n enkelvoudsvorm, bv.

speelgoed — **speelding**

slaggoed — **slagding**

vuurmaakgoed — **vuurmaakding**

- V. Meervoudigheid word dikwels deur middel van die agtervoegsel **-hulle** aangedui. Die eienaam waaraan „-hulle” gekoppel is, behou die enkelvoudsvorm, bv.

Jan-hulle is weg land toe.

Gaan roep gou vir **Piet-hulle**.

Pa-hulle gesels in die sitkamer.

Oom Jan-hulle kom more kuier.

„-Hulle” beteken in hierdie sinne: **en al die ander wat by hom hoort**. Die woordjie word derhalwe gebruik om 'n sekere groep aan te dui.

- VI. By sommige woorde kan ons nie tussen 'n enkelvoud en meervoud onderskei nie, omdat hulle gewoonlik nie getel word nie (stofname, eienskapsname), bv.

lug, botter, sand; tevredenheid, sukses, musiek

(**Let op:** In Engels noem ons hulle „mass-words”)

- VII. Meervoudigheid word ook deur veralgemeninge aangedui, bv.

Iedereen in die saal was betower deur die musiek.

Ons het die bobbejane vasgekeer en **die laaste een** doodgeskiet.

Die mens is darem maar slim.

- VIII. Meervoudigheid word ten slotte deur vormverandering aangedui. Die volgende verskynsels kan aangetoon word: die vormverandering vind plaas deur **-E, -S, 'S, -ENS, -ERS, -ERE, -TE** of **-DE** agteraan die enkelvouds-

vorm te voeg. -E en -S word die meeste van almal gebruik.

Meervoude op -E

- (i) Die meeste s.nwe. met EEN lettergreep.
- (ii) Die meeste s.nwe. van twee of meer lettergrepe met die aksent op die laaste lettergreep.
- (iii) 'n Klompie s.nwe. van twee of meer lettergrepe wat nie die aksent op die laaste lettergreep het nie.

1. Eenlettergrepige s.nwe.:

Let op die spelling in 'die volgende voorbeelde:

- (a) Nét die -e word aangevoeg. Verder geen verandering, bv.

wiel — wiele	bord — borde
stoel — stoele	tand — tande
haai — haaie	slang — slange
koei — koeie	ring — ringe

- (b) As 'n lang klinker dubbel geskryf word en onmiddellik voor die laaste medeklinker van 'n eenlettergrepige s.nw. staan, val een van die klinkers in die meervoud weg, bv.

boom — bome	been — benè
haan — hane	skuur — skure
taal — tale	voor — vore
plaas — plase	vuur — vure

- (c) As daar 'n **kort** klinker voor die laaste medeklinker van 'n eenlettergrepige s.nw. staan, word die laaste medeklinker dubbel geskrywe in die meervoud, bv.

dam — damme	lat — latte
klad — kladde	bul — bulle
pit — pitte	hen — henne
kol — kolle	lip — lippe

- (d) As die eenlettergrepige s.nw. op -ee eindig, kry die laaste e 'n deelteken in die meervoud, bv.

see — seë	fee — feë
slee — sleë	tree — treë

- (e) As die eenlettergrepige s.nw. op -ie eindig, word die -e dubbel geskrywe in die meervoud en kry die meervouds-e 'n deelteken, bv.

knie — knieë	drie — drieë
---------------------	---------------------

- (f) As die eenlettergrepige s.nw. op 'n **-g** eindig, en daar staan 'n klinker of tweeklank voor die **g**, val die **g** of **g's** gewoonlik weg in die meervoud. Soms, egter, word die twee **g's** behou. Kyk na die volgende voorbeelde:

plaag — plae	eg — êe (egge)
tuig — tuie	trog — trôe (trogge)
vlieg — vlieë	sog — sôe (sogge)
ploeg — ploeë	wig — wie (wigge)
vlag — vlae	weg — weë

Let Wel:

- (i) Daar is nog baie mense wat die vorme: **plage**, **tuige**, **vliege**, **ploege**, **vlage**, ens. gebruik.
- (ii) Die **g's** in „egge”, „sogge”, „plage”, „tuige”, ens. word soos die **g** van die Engelse woord „get” uitgespreek.
- (g) As die eenlettergrepige s.nw. op 'n **-f** eindig, word die **f** gewoonlik 'n **w** in die meervoud. As daar 'n kort klinker voor die **f** staan, word twee **w's** in die meervoud geskrywe. Kyk na die volgende voorbeelde:

graaf — grawe	hef — hewwe
wolf — wolwe	sif — siwwe
kloof — klowe	gerf — gerwe
dief — diewe	duif — duiwe

Bogenoemde veranderings vind net na vokale en na **l** en **r** plaas; daarom:

nimf — **nimfe**

- (h) Die meervoudsvorme van eenlettergrepige s.nwe. wat op **-d** eindig, vertoon allerhande verskille:
- (i) Sommige s.nwe. behou die **d**, bv.
- | |
|----------------------|
| hoed — hoede |
| klad — kladde |
- (ii) In ander gevalle val die intervokaliëse **d** (d.w.s. 'n **d** tussen twee vokale) weg, bv.
- | |
|----------------------|
| tyd — tye |
| kruid — kruië |
- (iii) By sommige s.nwe. word die kort klinkers gerek en 'n oorgangsklank **i** word ingevoeg, bv.
- | |
|----------------------|
| blad — blaaië |
| pad — paaië |

- (iv) By 'n paar s.nwe. word die kort klinkers gerek en heeltemal verander, bv.

stad — **stede**

lid — **lede**

smid — **smede** (smids)

- (i) By die volgende eenlettergrepige s.nwe. (en 'n paar tweelettergrepige s.nwe. met die aksent op die laaste lettergreep) word die klinker lank (gerek) en word die medeklinker dus nie dubbel geskrywe nie:

glas — **glase**

gat — **gate**

skot — **skote**

god — **gode**

hof — **howe**

vat — **vate**

dal — **dale**

spel — **spele**

skip — **skepe**

gebrek — **gebreke**

bevel — **bevele**

gebed — **gebede**

2. Meerlettergrepige s.nwe. met die aksent op die laaste lettergreep.

Let op die volgende voorbeelde:

manel — **manelle**

kopie — **kopieë**

polvy — **polvye**

rivier — **riviere**

gevolg — **gevolge**

gebod — **gebooie**

verskil — **verskille**

kwartaal — **kwartale**

spelonk — **spelonke**

floryn — **floryne**

liniaal — **liniale**

spioen — **spioene**

gevaar — **gevare**

rebel — **rebelle**

komers — **komberse**

triomf — **triomfe**

derwisj — **derwisje**

kompartement — **kompartemente**

kwartier — **kwartiere**

garnisoen — **garnisoene**

altaar — **altare**

geloof — **gelowe**

krokodil — **krokodille**

koningin — **koninginne**

bedelares — **bedelaresse**

Spanjaard — **Spanjaarde**

radiogram — **radiogramme**

barbaar — **barbare**

naturel — **naturelle**

statuut — **statute**

kommandant — **kommandante**

telegram — **telegramme**

geval — **gevalle**

fetisj — **fetisje**

3. Meerlettergrepige s.nwe. wat nie die aksent op die laaste lettergreep het nie.

Sommige meerlettergrepige s.nwe. wat nie die aksent op die laaste lettergreep het nie, neem ook 'n -e in die meervoud. Dit gebeur in die volgende gevalle:

- (a) S.nwe. wat op -**aris** eindig, bv.

sekretaris — **sekretarisse**

notaris — **notarisse**

bibliotekaris — bibliotekarisse
argivaris — argivarisse

(b) S.nwe. wat op **-kus** eindig, bv.

politikus — politikusse
musik — musikusse
kritikus — kritikusse
medikus — medikusse

(c) Sommige s.nwe. wat op **-heid** eindig, bv.

waarheid — waarhede	kleinigheid — kleinighede
boosheid — booshede	moondheid — moondhede
gekheid — gekhede	nuwigheid — nuwighede

(d) 'n Gemengde groepie s.nwe., bv.

skilpad — skilpaaie	hertog — hertoë
oomblik — oomblikke	monnik — monnike
Christen — Christene	engel — engele
oorlog — oorloë	boerderij — boerderye

KORT OPSOMMING:

Met weinig uitsonderinge neem die volgende s.nwe. 'n -E in die meervoud:

- (i) Eenlettergrepige s.nwe.
- (ii) S.nwe. met die aksent op die laaste lettergreep.
- (iii) S.nwe. wat op **-aris**, **-kus** en **-heid** eindig.

Meervoude op -S

1. Die meeste s.nwe. met meer as een lettergreep wat nie die aksent op die laaste lettergreep het nie, kry 'n **-S** in die meervoud, bv.

tafel — tafels	hoogte — hoogtes
deken — dekens	dronkaard — dronkaards
senuwee — senuwees	bydrae — bydraes
kussing — kussings	padda — paddas
aktrise — aktrises	bedelaar — bedelaars
nasie — nasies	Willem — Willems
wurmpie — wurmpies	veranda — verandas
besem — besems	skaduwee — skaduwees
beker — bekere	piesang — piesangs
museum — museums	eggenote — eggenotes
ryke — rykes	delwer — delwers
outa — outas	kafee — kafees
stasie — stasies	album — albums
roker — rokers	laken — lakens
dikkerd — dikkerds	plantasie — plantasies

Dus: die meeste meerlettergrepige s.nwe. wat op **-el, -em, -en, -er, -aar, -aard, -erd, -asie** en **klinkers** eindig.

2. Sommige meerlettergrepige s.nwe. met die aksent op die laaste lettergreep neem ook **-S** in die meervoud. Daar is nie veel van hulle nie. Baie van hierdie s.nwe. word nog as vreemde woorde gevoel; ander is veral persoonsname wat op **-ier** en **-eur** eindig. Hier is 'n paar voorbeelde van hierdie soort s.nwe.:

akteur — akteurs	generaal — generaals
divan — divans	miljoenêr — miljoenêrs
roman — romans	winkelier — winkeliërs
patat — patats	koetsier — koetsiers
basaar — basaars	korporaal — korporaals
kaptein — kapteins	juwelier — juweliers
inspekteur — inspekteurs	prokureur — prokureurs
communiqué — communiqués	abattoir — abattoirs

3. Die volgende eenlettergrepige s.nwe. neem ook 'n **-S** in die meervoud:

- (a) S.nwe. wat op **-lm** en **-rm** eindig, bv.

palm — palms	arm — arms
skelm — skelms	wurm — wurms
film — films	derm — derms
salm — salms	skerm — skerms

Let op:

Hierdie s.nwe. is maar skynbaar eenlettergrepig. Die skrifbeeld is misleidend, want ons spreek hulle tweelettergrepig uit, bv.

pallem, skellem, arrem, wurrem.

- (b) 'n Paar vreemde woorde, bv.

sir — sirs	jaart — jaarts
ghong — ghongs	tjek — tjeks

- (c) 'n Paar s.nwe. wat familie-verwantskap aandui, bv.

oom — ooms	neef — neefs
seun — seuns	broer — broers

- (d) Enkele ander s.nwe., bv.

spreeu — spreeus	roer — roers
leeu — leeus	toom — tooms
kok — koks	ag — ags (uitroepe)

- (e) Eenlettergrepige eiename wat as gemeen-s.nwe. gebruik word, bv.

Jan — **Jans**
Piet — **Piets**

Gert — **Gerts**
Paul — **Pauls**

Let Wel:

- (i) Meerlettergrepige name van persone (eiename) kry gewoonlik ook **-S**, bv.
Willem — **Willems**
Hendrik — **Hendriks**
- (ii) Eenlettergrepige persoonsname wat alreeds op -s eindig, kry 'n **-e** in die meervoud, bv.
Klaas — **Klase**
Hans — **Hanse**
- (iii) By vanne wat op -s of -z eindig, is dit gebruikelik om in die meervoudsvorm 'n afkappingsteken agteraan te plaas, bv.
Marais — **Marais'**
du Preez — **du Preez'**
du Plessis — **du Plessis'**

KORT OPSOMMING:

Met weinig uitsonderinge neem die volgende s.nwe. 'n -S in die meervoud:

- (i) Vreemde woorde
(ii) S.nwe. wat op **-el, -em, -en, -er, -ier, -eur, -aar, -aard, -erd, -asie, -rm, -lm**, en klinkers eindig.

Meervoude op -'S

Die gebruik van 'n afkappingsteken in die meervoudsvorm vind ons by:

- (a) S.nwe. met die aksent op die laaste **-a**, bv.
ma — **ma's** karba — **karba's**
hoera — **hoera's** pa — **pa's**
- (b) S.nwe. wat op die enkele klinkers **-u, -i, en -o** eindig. Die meeste van hierdie woorde is vreemde woorde. Hier is 'n paar voorbeelde:
balju — **balju's** casino — **casino's**
parvenu — **parvenu's** solo — **solo's**
alibi — **alibi's** buro — **buro's**

(c) Letters van die alfabet, bv.

a's, b's, c's, z's, ens.

maar ons kry ook:

s — esse

x — x'e of ekse

(d) Eiename wat op 'n klinker eindig, bv.

Marie — Marie's

Naudé — Naudé's

Anna — Anna's

Hugo — Hugo's

Meervoude op -DE

Daar is baie min van hierdie soort meervoude in Afrikaans.
Die bekendste is:

hoof — hoofde

voog — voogde

deug — deugde

smarag — smaragde

hemp — hemde

Meervoude op -TE

Sommige s.nwe. wat op s, k, p, g en f eindig, neem -TE in die meervoud. Ons het hulle van Nederlands oorgeërf, maar in Afrikaans het die slot-t weggeval. Hier is 'n paar bekendes:

wag — wagte

krag — kragte

nes — neste

vrug — vrugte

mag — magte

resep — resepte

gedig — gedigte

kamas — kamaste

bees — beeste

geskrif — geskrifte

lig — ligte

fees — feeste

kwas — kwaste

oes — oeste

lys — lyste

tog — togte

manuskrip — manuskripte

geslag — geslagte

drag — dragte

nag — nagte

gees — geeste

amp — ampte

krag — kragte

kolonis — koloniste

vrag — vragte

tipis — tipiste

geveg — gevegte

produk — produkte

toeris — toeriste

kas — kaste

teks — tekste

berig — berigte

Meervoude op -ENS

Hier is 'n paar bekendes:

wa — **waens**
 nooi — **nooiens**
 wese — **wesens**

hawe — **hawens**
 gevoel — **gevoelens**
 genoeë — **genoeëns**

Let op:

Die wat op **-e** eindig in die enkelvoud, kry net **-ns** in die meervoud.

Meervoude op -ERE

Hier is 'n paar bekendes:

gelid — **geledere**
 gemoed — **gemoedere**
 volk — **volkere** (volke)

lied — **liedere**
 goed — **goedere**

Let op:

By „gelid” vind daar 'n klinkerverandering plaas.

Meervoude op -ERS

Hier is 'n paar bekendes:

kalf — **kalwers**
 lam — **lammers**
 maat — **maters** (maats)

kind — **kinders**
 goed — **goeters**
 klip — **klippers** (klippe)

'n Paar geleende en ander moeilike meervoude

' medicus — **medici**
 politicus — **politici**
 lyricus — **lyrici**
 criticus — **critici**
 doel — **doeleindes**
 hoop — **verwagtinge**
 seën — **seëninge**
 beleg — **beleëringe**
 eer — **eerbewyse**
 genot — **genietinge**
 bedrog — **bedrieërye**
 aanbod — **aanbiedinge**
 leer — **leerstellings**
 raad — **raadgewings**
 lot — **lotgevalle**
 speelding — **speelgoed**

modus — **modi**
 trousseau — **trousseaux**
 centrum — **centra**
 medium — **media**
 papyrus — **papyri**
 leus(e) — **leuse(s)**
 eisteddfod — **eisteddfodau**
 aquarium — **aquaria**
 protozoön — **protozoa**
 seraf — **serafim** (serafs)
 axioma — **axiomata**
 mandjievul — **mandjiesvol**
 geweld — **gewelddadighede**
 teelepelvol — **teelepelsvol**
 oordeel — **oordeelvellinge**
 slagding — **slaggoed**

Let op:

Bostaande s.nwe. wat op **-ing** eindig kan **-e** of **-s** in die meervoudsvorm neem, bv. **verwagtings** of **verwagtinge**.

S.nwe. wat net 'n enkelvoudsvorm het.

(a) **Stofname**, bv.

goud, asbes, hout, glas, rubber.

(b) **Abstrakte name**, bv.

wysheid, liefde, berou, voorspoed, wraak.

Let Wel:

By sommige abstrakte s.nwe. vind ons egter 'n meervoudsvorm, bv.

waarheid — **waarhede**
nietigheid — **nietighede**
ouderdom — **ouderdomme**
dreigement — **dreigemente**
hindernis — **hindernisse**
diepte — **dieptes**

(c) **Eiename**, bv.

Jan, Piet, Koos, Harding, Frankryk, Amerika.

Let Wel:

Wanneer hierdie woorde as gemeen-s.nwe. gebruik word (d.w.s. nie as eiename nie), kan hulle 'n meervoudsvorm kry, bv.

Hy het albei die **Amerikas** deurreis.
Daar was twee **Piets** op die partytjie.

S.nwe. wat gewoonlik net in die meervoud gebruik

word

harsings	rente	pampoentjies	sinkings
onkoste	medisyne	pluiings	ingewande
stuipe	komplimente	ruitens	masels
lekkers	inkomste	semels	fiemies
voorvaders	reisies	hurke	gegewens
hartens	skoppens	koste	lopers
aanstellings	maanhare	pokkies	kwaaivriende
toings	hoofbrekens	klawers	notule

Let op:

Die meeste kan ook in die enkelvoud gebruik word, bv.

lekker, voorvader, hart, kompliment, skop, ruit, maanhaar,
semel, klawer, loper

Meervoude van saamgestelde s.nwe.

By saamgestelde s.nwe. word die meervoudsvorm van die laaste woord van die samestelling gebruik, bv.

ploeg + skaar	= ploegskare	
water + lemoen	= waatlemoene	(< water meloen)
hoender + hok	= hoenderhokke	
aarde + appel	= aartappels	
grond + boontjie	= grondboontjies	

Let wel:

- (i) As die laaste lid van 'n samekoppeling 'n s.nw. is, word die meervoudsvorm van die laaste lid gebruik, bv.

see-eend	—see-eende
bloukop-koggelmander	—bloukop-koggelmanders
skooleindsertifikaat-eksamen	—skooleindsertifikaat-eksamens
oud-amptenaar	—oud-amptenaars
wag-'n-bietjie-boom	—wag-'n-bietjie-bome

- (ii) As die laaste lid van 'n samekoppeling 'n bepalende woord is, word die meervoudsvorm van of die eerste of die tweede lid gebruik, bv.

kommandant-generaal	—	{ kommandante-generaal
		{ kommandant-generaals
goewerneur-generaal	—	{ goewerneurs-generaal
		{ goewerneur-generaals

S.nwe. met twee meervoude

(sonder verskil van betekenis)

- By sommige meerlettergrepige en 'n paar eenlettergrepige s.nwe. is die meervoudsvorm onvas. Daar is 'n neiging by hierdie s.nwe. om of **-s** of **-e** in die meervoudsvorm te neem. Dit gebeur veral by s.nwe. wat op **-ing**, **-or** en **-on** eindig, by 'n paar verkleinwoorde en by 'n paar s.nwe. wat op **-ling**, **-ee** en **-ie** eindig. Daar is ook nog 'n paar ander wat nie maklik gegroepeer kan word nie.

Die rede vir hierdie neiging in baie gevalle is dat die s.nwe. nog 'n bietjie vreemd voel: hulle is nog nie heeltemal verafrikaans nie; daarom word die oorspronklike langs die suiwer Afrikaanse meervoud gebruik. In sommige gevalle word die oorspronklike Nederlandse

meervoud geheel en al of gedeeltelik langs die suiwer Afrikaanse behou. In ander gevalle is die tweede meervoud analogies gevorm, d.w.s. na die voorbeeld van ander reeds bestaande en soortgelyke meervoude. In die taallyste is 'n vollediger lys van sodanige s.nwe.

Hier is 'n paar voorbeelde:

(a) **-ee:**

moskee — **moskees; moskeë**
trofee — **trofees; trofeë**
idee — **idees; ideë**

(b) **-or:**

orator — **orators; oratore**
professor — **professors; professore**
dokter — **doktors; doktore**

(c) **-on:**

plafon — **plafons; plafonne**
baron — **barons; baronne**
balkon — **balkons; balkonne**

(d) **-ing:**

reëling — **reëlings; reëlinge**
beweging — **bewegings; beweginge**
ontdekking — **ontdekkings; ontdekkinge**
rekening — **rekenings; rekeninge**
tekening — **tekenings; tekeninge**
staking — **stakings; stakinge**

Sommige het egter net een meervoudsvorm (gewoonlik -e), bv.

sering — **seringe**
varing — **varings**
heining — **heinings**
horing — **horings**
stedeling — **stedelinge**
nuweling — **nuwelinge**
tweeling — **tweelinge**
leerling — **leerlinge**
drenkeling — **drenkelinge**
liefling — **lieflinge**

(e) **-ie:**

serie — **series; serieë**
historie — **histories; historieë**
bakterie — **bakteries; bakterieë**

(f) **-ling:**

sendeling — **sendelings; sendelinge**
ouderling — **ouderlings; ouderlinge**
ontwikkeling — **ontwikkelings; ontwikkelinge**

(g) Allerlei:

keu — **keuſ; keuē**
 minaret — **minarets; minārette**
 offisier — **offisiars; offisiere**
 majoor — **majoors; majore**
 helm — **helms; helme**
 geweer — **geweers; gewere**
 vark — **varke; varkens**
 mied — **miede; miedens**
 mark — **marke; markte**
 as — **asse; aste**
 giraf — **girafs; gerraffe**

(h) 'n Paar verkleinwoorde:

.....* — **goedjies; goetertjies**
 klippie — **klippies; klippertjies**
 lammetjie — **lammetjies; lammertjies**
 kalfie — **kalfies; kalwertjies**
 maatjie — **maatjies; matertjies**

Let wel:

„Goedjies” of „goetertjies” het GEEN enkelvoudsvorm „goedjie” of „goetertjie” nie. Die enkelvoudsbegrip word met die woord „ding” aangedui.

2. By s.nwe. wat op **-man** eindig, is die meervoudsuitgange baie onvas. Sommige het net een, ander twee of meer meervoude. Kyk na die volgende voorbeelde:

Engelsman —	Engelse	Fransman —	{ Franse
buurman —	bure		{ Fransmanne
Boesman —	Boesmans	voorman —	{ voormanne
timmerman —	{ timmermans	stuurman —	{ stuurmans
	{ timmermanne		{ stuurlui
seeman —	{ seeliede	staatsman —	{ staatsliede
	{ seelui		{ staatsmanne
	{ koopmanne	ambagsman —	{ ambagsmanne
koopman —	{ koopmans		{ ambagslui
	{ koopliede		{ landsmanne
	{ kooplui	landsman —	{ landsliede
			{ landslui

S.nwe. met twee meervoude

(met verskil van betekenis)

Die rede vir hierdie verskynsel is dat ons hier in die enkelvoud met **homonieme** te doen het, d.w.s. twee woorde wat presies eenders klink, maar verskillende betekenisse het. 'n Volledige lys van sulke s.nwe. sal in die taallyste gevind word. Hier is 'n paar voorbeelde:

{ bal (groot dansparty)	bals
{ bal (ronde ding om mee te speel)	balle
{ kus (soen)	kusse
{ kus (waar land en see ontmoet)	kuste
{ saal (wat jy op 'n perd sit)	saals
{ saal (baie groot vertrek)	sale

GESLAG

In ooreenstemming met die natuurlike geslag kan die name van mense en diere wees:

- (i) **Manlik**, bv. **seun**, **neef**.
- (ii) **Vroulik**, bv. **meisie**, **niggie**.
- (iii) **Gemeenslagtig**, bv. **hoender**, **bees**, ens., d.w.s. name van mense en diere wat of manlike of vroulike geslag kan wees.

Name van dinge wat lewenloos is, behoort tot die:

- (iv) **Onsydige geslag**, bv. **pen**, **tafel**, **potlood**.

Hoe word geslagsverskille in Afrikaans aangedui?

Dit gebeur op die volgende maniere:

1. Deur vormverandering.

- I. Die volgende agtervoegsels word gebruik om die vroulike vorm aan te dui:

- (a) Die agtervoegsel **-ES**:

prins — prinses	meester — meesteres
digter — digteres	baron — barones
bestuurder — bestuurderes	sanger — sangeres
onderwyser — onderwyseres	patroon — patrones
priester — priesteres	dienaar — dienaars
bedelaar — bedelares	danser — danseres
moordenaar — moordenares	profeet — profetes
sondaar — sondares	eienaar — eienares
burgemeester — burgemeesteres	(burgemeestersvrou)

Kyk mooi na die volgende:

ab — abdis
voog — voogdes
towenaar — townares (heks)

(b) Die agtervoegsel **-E**:

eggenoot — eggenote	president — presidente
tesourier — tesouriere	erfgenaam — erfgename
sultaan — sultane	prinsipaal — prinsipale
leerling — leerlinge	

Let op die volgende:

- (i) Manlike persoonsname wat op **-is** eindig, neem **-TE**, bv.

joernalis — joernaliste
 pianis — pianiste
 orrelis — orreliste
 tipis — tipiste

- (ii) Die **-aris** van manlike persoonsname word **-aresse**, bv.

sekretaris — sekretaresse
 notaris — notaresse
 bibliotekaris — bibliotekaresse
 aktuaris — aktuaressse

- (iii) Die **-eur** van party Franse woorde word **-euse**, bv.

masseur — masseuse
 regisseur — regisseuse

(c) Die agtervoegsel **-IN**:

held — heldin	god — godin
beer — berin	keiser — keiserin
herder — herderin	vriend — vriendin
koning — koningin	gemaal — gemalin
waard — waardin	neger — negerin
Jood — Jodin	hertog — hertogin
kelner — kelnerin	

Let op die volgende:

- | | |
|-------------------------|-----------------|
| (i) Christen — Christin | heiden — heidin |
| (ii) wolf — wolvin | graaf — gravin |
| (iii) vors — vorstin | vyand — vyandin |

(d) Die agtervoegsel **-ISE**:

akteur — aktrise	inspekteur — inspektrise
lektor — lektrise	direkteur — direktrise
redakteur — redaktrise	testateur — testatrise
donateur — donatrise	eksaminator — eksaminatrise

(e) Die agtervoegsel **-STER**:

koper — koopster	werker — werkster
spreker — spreekster	bakker — bakster
oppasser — oppasster	voorsitter — voorsitster
weldoener — weldoenster	speler — speelster
helper — helpster	maker — maakster
tikker — tikster	skrywer — skryfster
deelnemer — deelneemster	breier — breister

Let op die volgende:

huishouer — huishoudster	gewer — geefster
knieër (kneër) — kneedster	leier — leidster
waarseër — waarsegster	bedrieër — bedriegster

II. By voorname eindig die vroulike vorm gewoonlik op **-a**, bv.

Hendrik — Hendrina	Gert — Gertruida
Willem — Willemina	Jacobus — Jacoba
Frans — Francina	Petrus — Petronella
Christiaan — Christina	Johannes — Johanna
Adriaan — Adriana	Herman — Hermina

2. Deur aparte woorde:

vader — moeder	pa — ma
oom — tante	oupa — ouma
heer — dame	man — vrou
jongetjie — meisie	towenaar — heks (townenares)
bruidegom — bruid	vaar — moer (vir diere)
baas — nooi	beer — sog
mannetjie — wyfie	klonkie — kleinmeidjie
hings — merrie	bul — koei of vers
haan — hen	outa — aia
kêrel — nooi	broer — suster
swaer — skoonsuster	seun — dogter of meisie
jong — meid	meneer — mevrou, juffrou of mejuffrou
wewenaar — weduwee	monnik — non
huisbaas — hospita	reun — teef
ram — ooi	boetie — sussie

Let op die volgende:

treurspelspeler — treurspelspeelster of tragédienne
 'n blonde kêrel (man, seun) — 'n blondine

'n Paar vreemde woorde:

sir — lady
 tsaar — tsarina

3. Deur verskillende voorvoegings en agtervoegings in saamgestelde s.nwe.

manspersoon — vrouspersoon	gansmannetjie — ganswyfie
strooijonker — strooimeisie	grootvader — grootmoeder
gasheer — gasvrou	jonkman — jonkvrou
jongkêrel — jongmeisie	ouboet — ousus
stiefvader — stiefmoeder	kleinboet — kleinsus
skoonvader — skoonmoeder	bokram — bokooi
peetoom — peettante	bulkalf — versklaf
kleinneef — kleinniggie	oupa-grootjie — ouma-grootjie
buurman — buurvrou	hingsvul — merrievul
kleinseun — kleindogter	mansmens — vroumens
ystervarkbeer — ystervarksog	olifantbul — olifantkoei
bosbokram — basbokooi	donkiehings — donkiemerrie
jakkalsmannetjie — jakkals- wyfie	Jersey-bul — Jersey-koei
oujongkêrel — oujongnoui	elandbul — elandkoei
leeumannetjie — leeuwyfie	rietbokram — rietbokooi
	sebrahings — sebramerrie
	Leghorn-haan — Leghorn-hen
renosterbul — renosterkoei	beskermheer — beskermvrou
graswewenaar — grasweduwee	

4. Deur gebruik agteraan vir die vroulike vorm van die woorde „vrou (-vrou)” of „-meid”

Hierdie manier om geslagsverskille aan te dui word gebruik by:

(a) **Blanke nasies, bv.**

Engelsman — Engelse **vrou**

Boer — Boervrou

Duitser — Duitse **vrou**

Italianer — Italiaanse **vrou**

Noor — Noorweegse **vrou**

Amerikaner — Amerikaanse **vrou**

Let op: In die meeste gevalle hierbo word die eiennaam (bv. Noor) 'n adjektief (bv. Noorweegse) in die verboë vorm. Soms gebeur dit nie en dan word „vrou” deel van 'n saamgestelde s.nw., bv. Boervrou.

(b) **Nie-blanke nasies, bv.**

(i) Arabier — Arabiese **vrou**

Chinees — Chinese **vrou**

Japanner — Japannese **vrou**

- (ii) Koelie — Koeliemeid
 Zoeloe (jong) — Zoeloemeid
 Basoeto(jong) — Basoetomeid

5. Deur gebruik vooraan in die vroulike vorm van die woorde „dame-“, „vroue-“ of „vroulike“.

Ons vind hierdie neiging veral by beroepe wat voorheen net deur mans gevul is, bv.

soldaat — **vroulike** soldaat, **dame-** of **vrouesoldaat**
 advokaat — **vroulike** advokaat, **dame-** of **vroue-**
 advokaat

dokter — **vroulike** dokter, **dame-** of **vrouedokter**
 tolk — **vroulike** tolk, **dame-** of **vrouetolk**

predikant — **vroulike** predikant, **dame-** of **vroue-**
 predikant

Let op: Die vorme met **dame-** en **vroue-** kan soms beteken: **vir dames of vrouens**, bv. vrouedokter = dokter vir vrouens; vrouepredikant = predikant vir vrouens, ens.; m.a.w. hulle kan mans wees.

Ook in 'n paar ander gevalle, bv.

student — **dame-** of **vrouestudent**
 lid — **dame-** of **vrouelid**

6. Deur die verband:

By sommige gemeenslagtige s.nwe. word nie aangedui dat 'n persoon vroulik is nie. Die manlike vorm word gemeenslagtig gebruik, bv.

Susie, jy is 'n **leuenaar** (vroulik).

Piet is 'n **dief** (manlik).

Sy is 'n **weeskind** (vroulik).

Tant Anna is ook 'n **intekenaar** (vroulik).

My suster was ook 'n **getuie** (vroulik).

Die man was 'n **vreemdeling** (manlik).

'n Paar gemeenslagtige name van mense en diere

ouer	hoender	bees	voël
student	bok	babettjie	bediende
persoon	vul	kalf	kameel

koedoe	olifant	renoster	ruiter
perd	tier	hond	vark
vreemdeling	lam	reier	volstruis
getuie	duif	pou	kat
kind	mens	lid	weeskind

VERKLEINWOORDE

1. Funksie

Afgesien van die funksie van die verkleinwoord in die sin (bv. as onderwerp of voorwerp) is die werk wat verkleinwoorde verrig van tweërlei aard:

(i) Hulle is in die eerste plek **verkleinwoorde**, d.w.s. hulle is woorde wat kleinheid aandui. Hierdie kleinheid kan wees:

(a) Kleinheid van omvang, bv.

tafel — **tafeltjie**

pen — **pennetjie**

duif — **duifie**

(b) Kleinheid van hoeveelheid, bv.

Hierdie **wolletjies** is te min om te verkoop.

Op ons plaas is die **watertjies** maar skaars.

Hierdie ou **pappies** is nie eers vir my genoeg nie.

(c) Kleinheid of kortheid van duur, bv.

Ek het 'n **tydjie** gelede daarvan gehoor.

Waaroor sal die **praatjie** gaan?

Ek was net 'n **heen-en-weertjies** daar.

(ii) Hulle is in die tweede plek **gevoelswoorde**, d.w.s. hulle word gebruik om sekere gevoelens mee te deel. Ons moet goed onthou dat hier geen rekening gehou word met die grootheid of kleinheid van die ding waarvan ons praat nie. As ek sê: „Daardie mannetjie verdra ek nie”, kan die „mannetjie” heelmoontlik 'n kêrel van oor die ses voet wees. Daar is 'n verskeidenheid van gevoelens wat deur middel van verkleinwoorde uitgedruk kan word. Hier volg 'n paar van die belangrikstes:

(a) Liefkosing, bv.

Voel my ou **kleinbasie** siek vandag?

Wat doen jy nou, my **skatjie**?

Kom hier, my **liefie**.

- (b) Veragting of geringskatting, bv.

Wat weet julle **plaasjapies** van sulke dinge?
 Hy is sommer 'n verwaande **ventjie**.
 Ek sal my nie aan so'n **snuitertjie** steur nie.
 Sy ou **motortjie** beteken nie veel nie.

- (c) Ontslag, bv.

Ja, **Omie**, my vader woon daar.

- (d) Eufemisme of versagting, bv.

Ek wil 'n **appeltjie** met jou skil.
 Daar is 'n **geurtjie** aan.
 So'n klein **duiweltjie**! Ek sal hom kry.
 Ag **Vadertjie**, help my tog!

- (e) Simpatie, bv.

Het my ou **seuntjie** seergekry?
 Ek voel jammer vir die ou **vroutjie**.

- (f) Spot, en skerts (dikwels in idioome), bv.

Is jy bang jou ou **handjies** sal vuil word?
 Sy begin al **ogies** maak.
 Kan jy nie eers hierdie ou **klippie** optel nie?
 Die perd het net eenmaal agterop geskop; toe lê
 die **nefie** op die grond.

- (g) Gemeensaamheid of kameraadskap, bv.

Boetie, vandag sal jy 'n ding sien.
 Hy is 'n gawe **outjie**.
 Ou **seuntjie**, kom sit maar hier by my.

- (h) Beskeidenheid, bv.

My ou **bydragie** was maar nietig.
 Ek het darem ook nou 'n ou **huisie**.

Let wel: Die hele verband waarin dinge gesê word, dra by tot die gevoelswaarde van die verkleinwoord. Daarby kom ook ander dinge soos die manier waarop iets gesê word (d.w.s. die aksent, spreektempo, stembuiging van die spreker, ens.), gebare, uitdrukking op die gesig, algemene handelwyse onder die praat, ens.

2. Hoe word die verkleiningsbegrip aangedui?

I. Deur die gebruik van woorde wat kleinheid of minheid uitdruk.

Sulke woorde word dikwels deur die verkleinwoord gevolg. Die woord „klein” word byna altyd deur die verkleinwoord gevolg. Hier is ’n paar voorbeelde:

Dit is ’n **klein tafeltjie**.

Ek het maar ’n **skraal oesie** (oes) gekry vanjaar.

Die **klein kaffertjie** is siek.

In enkele gevalle word die verkleiningsvorm van die s.nw. nie na die woordjie „klein” gebruik nie, bv.

Kom hier, jou **klein stouterd!**

Hierdie **klein bog** soek skoor.

II. Deur vormverandering.

Hierdie vormverandering vind plaas deur middel van sekere agtervoegsels. Die volgende agtervoegsels word gebruik:

Let wel: Hier behandel ons net s.nwe.

(a) Die agtervoegsel **-IE**

by s.nwe. wat eindig op:

-S: huis — **huisie**
patrys — **patrysie**

bars — **barsie**
las — **lassie**

Let op die volgende:

-K: glas — **glasie**
hark — **harkie**
tak — **takkie**

taak — **takie**
stok — **stokkie**

-P: skaap — **skapie**
dorp — **dorpie**

lap — **lappie**
stoep — **stoepie**

-G: lag — **laggie**
ploeg — **ploegie**

saag — **sagie**
galg — **galgie**

-F: duif — **duifie**
gerf — **gerfie**

neef — **nefie**
draf — **draffie**

(b) Die agtervoegsel **-ETJIE**

(i) by s.nwe. met die aksent op ’n kort klinker voor die onderstaande medeklinkers. Die medeklinker word byna altyd verdubbel:

-L: bal — balletjie rebel — rebelletjie
vul — vulletjie manel — manelletjie

Let wel: In die volgende geval word die **e** in die verkleiningsvorm lank gerek; dus word die **-l** nie verdubbel nie:

spel — speletjie

Die volgende s.nwe. op **-l** neem ook etjie:

wiel — wieletjie
poel — poeletjie

-M: dam — dammetjie
bruidegom — bruidegommetjie
bom — bommetjie
stem — stemmetjie

-N: kan — kannetjie
koningin — koninginnetjie
kin — kinnetjie
pen — pennetjie

-R: kar — karretjie ster — sterretjie
tor — torretjie nar — narretjie

-B: web — webbetjie rob — robbetjie
rib — ribbetjie keb — kebbetjie
(kebbie)

(ii) by s.nwe. met die aksent op 'n (eind)-lettergreep wat op **-ING** en **-ANG** eindig, bv.

ring — ringetjie slang — slangetjie
ding — dingetjie gesang — gesangetjie
kring — kringetjie tang — tangetjie

(c) Die agtervoegsel **-JIE**
by s.nwe. wat eindig op:

-D: hoed — hoedjie bord — bordjie
draad — draadjie baard — baardjie

-T: lat — latjie poot — pootjie
poort — poortjie pit — pitjie
skot (skoot) — skootjie

maar: boet — **boetie**

Piet — **Pietjie**

Let op wat gebeur in die volgende gevalle. Die klinker word verleng en dus dubbel geskrywe:

blad — **blaadjie**

vat — **vaatjie**

pad — **paadjie**

gat — **gaatjie**

(d) Die agtervoegsel **-PIE**

by s.nwe. wat op **-m** eindig en NIE die aksent op 'n kort klinker behalwe (**ie** en **oe**) onmiddellik voor die **-m** het nie, bv.

riem — **riempie**

skelm — **skelmpie**

soom — **soompie**

rym — **rympie**

arm — **armpie**

raam — **raampie**

besem — **besempie**

swerm — **swermpie**

(e) Die agtervoegsel **-TJIE**

(i) by s.nwe. wat op 'n klinker of tweeklank eindig, bv.

outa — **outatjie**

torpedo — **torpedotjie**

balju — **baljutjie**

koei — **koeitjie**

slee — **sleetjie**

by — **bytjie**

kraai — **kraaitjie**

trui — **truitjie**

laagte — **laagtetjie**

knief — **knietjie**

Let wel:

As die aksent op die laaste **-a** val, word die **-a** dubbel geskrywe in die verkleinwoord:

hoera — **hoeraatjie**

karba — **karbaatjie**

ma — **maatjie**

pa — **paatjie**

Maatjie is dus die verkleinwoord van beide „ma” en „maat”.

Kyk wat gebeur in die volgende gevalle:

wa — **waentjie**

lewe — **lewentjie**

nooi — **nooientjie**

} (e)ntjie

(ii) by s.nwe. met 'n swakbeklemtoonde **-e**, 'n lang klinker, **ie** of **oe**, of 'n tweeklank voor die volgende eindmedeklinkers:

-L: stoel — stoeltjie	byl — byltjie
paal — paaltjie	hoepel — hoepeltjie
-N: baken — bakentjie	haan — haantjie
soen — soentjie	tuin — tuintjie
-R: tier — tiertjie	tuinier — tuiniertjie
blaar — blaartjie	blaker — blakertjie

(f) Die agtervoegsel **-KIE**

by s.nwe. van twee of meer lettergrepe wat op **-ING** eindig, en **NIE** die aksent op die laaste lettergreep het nie.

Let op: die **-ng** word **n** geskrywe en **-kie** word toegevoeg:

woning — woninkie	wandeling — wandelinkie
paling — palinkie	sendeling — sendelinkie
heining — heininkie	beweging — beweginkie
sening — seninkie	tekening — tekeninkie
varing — varinkie	rekening — rekeninkie

3. Name van dinge met twee verkleiningsvorme

By die volgende s.nwe. kan twee verkleiningsvorme waargeneem word:

(a) Twee enkelvouds- of meervoudsvorme:

tante — **tantetjie; tannie**
 oom — **oompie; omie**
 ma — **maatjie; mammie**
 pa — **paatjie; pappie**

(b) Twee meervoudsvorme alleen:

goed — **goedjies; goetertjies**
 klip — **klippies; klippertjies**
 maat — **maatjies; matertjies**
 lam — **lammetjies; lammertjies**
 kalf — **kalfies; kalwertjies**

Let wel: In die enkelvoud word die enkelvoudsvorm van die eerste van bostaande verkleinwoorde gebruik, bv. **klippie, maatjie, lammetjie, kalfie** (maar nooit „goedjie” nie). 'n Enkelvoudsvorm wat ooreenkom met die tweede vorm hierbo (bv. **goetertjies, klippertjies, ens.**) bestaan daar nie.

4. Verkleinwoorde van saamgestelde name van dinge

By saamgestelde s.nwe. en ander samekoppelings word die verkleinwoord van die laaste woord gewoonlik gebruik, bv.

poskar — poskarretjie	geelslang — geelslangetjie
kamerdeur — kamerdeurtjie	stadsaal — stadsaaltjie
waenhuis — waenhuisie	potdeksel — potdekseltjie
(heen-en-weer) — heen-en-weertjies	
vergeet-my-nie — vergeet-my-nietjies	
kommandant-generaal — kommandant-generaaltjie	

Let wel: Dit beteken nie dat die eerste woord nooit 'n verkleiningsuitgang kry nie, want ons vind somtyds uitdrukkinge soos:

Sy is 'n regte **kruidjie-roer-my-nie**

5. Stapelvorme

Deur veelvuldige gebruik het die verkleiningsuitgang by sommige woorde sy betekenis verloor. By sulke woorde word dikwels 'n nuwe verkleiningsuitgang aangevoeg en op dié manier kry ons dan stapelvorme soos die volgende:

mandjie — mandjietjie	boordjie — boordjietjie
koppie — koppietjie	boontjie — boontjietjie
meisie — meisietjie	mossie — mossietjie
kelkie — kelkietjie	ertjie — ertjietjie

6. Opheping van verkleinwoorde

Dikwels wil 'n skrywer 'n sekere stemming of gevoel skep of volhou. Een middel hiertoe is die gebruik van baie verkleinwoorde. As 'n kind val en sy moeder of vader wil hom troos, kan ons miskien iets soos die volgende hoor:

„Foeitoggie my seuntjie! Het my ou kindjie seergekrytjies? Toe maartjies, hoor. Moedertjie sal salfies aansit; dan word die handjies en beentjies gou-gou gesondjies.”

'n Mooi voorbeeld van teerheid vind ons in die „Wiegeliedjie” van Langenhoven:

„Doedoedoe bladertjies,
Slapenstyd nadertjies;
Doedoedoe blommetjies,
Nag is aan 't kommetjies,

* * *

„Wees maar gerustetjies,
Slaap maar met lustetjies!”
So sing die sterretjies —
Stilletjies, verretjies:

* * *

Wie weet hoe ver moet my kleintjie nog ganetjies;
Doekies dan, doekies in moeder se arrempies!

7. Watter soort woorde word verklein?

In die vorige paragraaf het ons gesien dat allerhande soorte woorde verklein kan word — en **nie** net s.nwe. nie. Daar is, bv., verkleinwoorde van bywoorde soos „gesondjies” en „stilletjies”, en van werkwoorde soos „nadertjies” en „ganetjies”.

As ons die lewende taal nagaan, sal ons sien dat byna alle soorte woorde verklein kan word. Hier is 'n paar voorbeelde:

I. Selfstandige Naamwoorde, bv.

eiename:	Pietie, Hansie, Gertjie
voorywerpsname:	handjie, woninkie, skafie
versamelname:	klompie, vergaderinkie, troppie
stofname:	melkies, wolletjies, vleisies
nie-konkrete name:	reukie, windjie, geurtjie
soortname:	hondjie, vruggie, watertjie
abstrakte name:	klankie, vriendskappie, laggie

II. Voornaamwoorde, bv.

Vra **hompie** ook.

Dit is sommer maar „onder onsies.”

III. Beskrywende woorde, bv.

(a) Byvoeglike naamwoorde:

Hy is nou **vakies**.

Die rok is **fraaitjies**.

Sy is nog maar **kleintjies**.

Let wel: Byvoeglike naamwoorde wat as s.nwe. gebruik word, word dikwels verklein, bv.

Gee my die **swartetjie** (swakketjie, sagte-
tjie, gouetjie, vettetjie, hardetjie, ouetjie,
ens.)

(b) Telwoorde:

Ek wil net **enetjie** hê.

Loop speel julle **viertjies**.

IV. **Werkwoorde**, bv.

Slapies maar, Klaas Vakie is aan **kommetjies**.

Soentjie eers vir pappie.

V. **Bywoorde**, bv.

Ek kom **aanstonsies** weer terug.

Loop **saggies** asseblief.

Ook: **flussies**, **effentjies**, **ampertjies**, ens.

VI. **Tussenwerpsels**, bv.

Foeitoggie! **Vadertjie!** **Gonnatjie!** **Hedetjie!**

VII. **Voorsetsels**, bv.

Hier is die gebruik van die verkleinwoord baie
seldsaam. By kinders sal ons miskien af en toe
hoor:

Ons lê **oppies** die bed.

NAAMVAL

Wat die selfstandige naamwoord betref, is daar **geen**
naamval in Afrikaans nie.

Wat wel in die taal voorkom, is 'n paar uitdrukkinge wat
van Nederlands oorgeërf is. 'n Volledige lys verskyn in die
taallyste. Hier is 'n paar voorbeelde:

Ou Tweede Naamvalle (Genitief)

smorens

saans

steen des aanstoots

destyds

eersdaags

kwelling des geestes

Ou Verdelingsgenitiewe

iets moois

niks snaaks

wat wonders

iets grappigs

veel goeds

iets lekkers

Ou Derde Naamvalle (Datief)

ter elfder ure

in der minne

ten spyte van

ter aarde bestel

ten slotte

terwille van

FUNKSIEVERANDERING

Daar bestaan 'n nou verwantskap tussen sommige s.nwe. en sommige b.nwe. In die eerste hoofstuk het ons alreeds aangetoon hoe nou die verband tussen abstrakte name (bv. rykdom, skoonheid, boosheid) en byvoeglike naamwoorde (bv. ryk, skoon, boos) is, want albei dui sekere eienskappe aan.

Hierdie nou verband word nog duideliker bewys deur die feit dat dit maklik is om byvoeglike naamwoorde van s.nwe. af te lei en anders om, bv.

(a) afgeleide byvoeglike naamwoorde:

kind — kinderlik	deug — deugsaam
Boland — Bolands	water — waterig
week — weekliks	stryd — strydbaar
eer — eerloos	held — heldhaftig

(b) afgeleide s.nwe.:

dronk — dronkaard	groot — grote
drie — drieling	waar — waarheid
hoog — hoogte	duister — duisternis
klein — kleintjie	bly — blydskap

So gebeur dit dan dikwels dat s.nwe. as byvoeglike naamwoorde gebruik word (d.w.s. die funksie van bepalende woorde het) en omgekeerd, bv.

Daar loop **Oom** Piet.
 Waar woon **Neef** Andries.
 Voor my het 'n **kaalkop** ouderling gesit,
 Hy is maar 'n **blinkoog** ou.
 Wie is daardie **langasem** twak?
 Hy is sommer so'n **domkop** snuiterkje.

Hier word s.nwe. as b.nwe. gebruik, maar ons kry ook die teenoorgestelde, bv.

Gee my daardie **witte**.
 Die **rooie** is die mooiste.
 Jy kan die **grootste** kry.